basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## ONTWERP V1

## (TEORIE)

## NOVEMBER 2016

**PUNTE: 100**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.**
**Hierdie vraestel moet in volkleur gedruk word.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit SES vrae.

2. Daar is drie keusevrae in hierdie vraestel. Lees die opsies aandagtig deur.

3. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   AFDELING A: Ontwerpgeletterdheid (30 punte)
   VRAAG 1 tot 3

   AFDELING B: Ontwerpgeskiedenis (30 punte)
   VRAAG 4

   AFDELING C: Ontwerp in 'n sosiokulturele/omgewings- en volhoubare konteks (40 punte)
   VRAAG 5 en 6

4. Lees die vereistes vir elke vraag aandagtig deur.

5. Beantwoord in volsinne en vermy die opnoem van feite. MOENIE in tabelvorm antwoord NIE.

6. Gebruik die puntetoekenning om te bepaal hoeveel tyd jy aan elke vraag moet spandeer.

7. MOENIE dieselfde feite en voorbeelde in verskillende vrae herhaal NIE.

8. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: ONTWERPGELETTERDHEID

### VRAAG 1: 'ONGESIENE' VOORBEELDE

**Beantwoord ÓF VRAAG 1.1 ÓF VRAAG 1.2.**

1.1




FIGUUR A: ***Where's my VuVu? (Waar's my VuVu?)***, tekstielstof deur Niusia Winczewski van SpiritLab (Suid-Afrika), 2013.

1.1.1 Bespreek die gebruik van die volgende ontwerpbeginsels met betrekking tot FIGUUR A hierbo:

- Variasie
- Kontras
- Balans
- Ritme (4 x 2) (8)

1.1.2 Bespreek die term *gestileerd* met betrekking tot FIGUUR A hierbo. (2)
**[10]**

**OF**

1.2




FIGUUR B: **Bergdorf Goodman-vensteruitstalling**
deur Louis Vuitton (New York), 2008.

Analiseer die gebruik van die volgende element en beginsels in FIGUUR B. Verduidelik hoe hierdie element en beginsels gebruik word om 'n eenheidskomposisie te skep:

- Lyn
- Perspektief
- Fokuspunt
- Kontras
- Beweging (5 x 2) **[10]**

## VRAAG 2: KOMMUNIKASIE DEUR ONTWERP




FIGUUR C: **Plakkaat** deur Heidi Chisholm (gebore in Suid-Afrika), 2012.

2.1 Wat is 'n *afgod ('idol')*? (1)

2.2 Dink jy dat Barrack Obama in hierdie plakkaat verafgod word? Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

2.3 Identifiseer enige TWEE simbole in FIGUUR C hierbo en bespreek hulle moontlike betekenisse. (4)

2.4 Verduidelik hoe patriotisme in hierdie plakkaat gebruik word om die boodskap van die plakkaat te beklemtoon. (3)
**[10]**

**VRAAG 3**

**Beantwoord ÓF VRAAG 3.1 ÓF VRAAG 3.2.**

3.1 Verwys na FIGUUR D en FIGUUR E hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



FIGUUR D: **Spykerhakskoene met kralewerk ('Beaded stilettos')** deur Lindiwe Ngcobo (KZN, Suid-Afrika), 2011.



FIGUUR E: **Spykerhakskoene met juwele versier ('Jewelled stilettos')** deur AliExpress (VSA), 2014.

In 'n opstel van 200–250 woorde (een bladsy) vergelyk FIGUUR D met FIGUUR E hierbo deur hulle ooreenkomste en verskille ten opsigte van die volgende te bespreek:


- Materiaal
- Konteks/Doel
- Kleur
- Patroon
- Kitsch (5 x 2) **[10]**

**OF**

3.2



FIGUUR F: **Die Uniegebou** deur Herbert Baker (Pretoria),1909–1910.
Die Uniegebou is die amptelike setel van die Suid-Afrikaanse regering.



FIGUUR G: **Die Skotse Parlement** deur Enric Miralles (Edinburgh), 1999–2004.

Skryf 'n opstel van ten minste 200–250 woorde (een bladsy) waarin jy die gebou in FIGUUR F met die gebou in FIGUUR G vergelyk. Of anders kan jy enige Klassieke gebou (wat jy bestudeer het) met enige kontemporêre gebou vergelyk.

Verwys na die volgende in jou opstel:

- Konstruksiemetodes
- Materiaal
- Inspirasie
- Funksie
- Vorm (5 x 2) **[10]**

**TOTAAL AFDELING A: 30**


## AFDELING B: ONTWERPGESKIEDENIS

### VRAAG 4

4.1

> Ontwerp skep kultuur. Kultuur vorm waardes. Waardes bepaal die toekoms.
> Charles Eames

Kies enige TWEE ontwerpbewegings/-style in die tydlyn hieronder en skryf 'n opstel van ten minste 400–450 woorde (twee bladsye) waarin jy die stelling hierbo regverdig. Steun jou antwoord deur na die doelwitte, invloede en kenmerke van die ontwerpbewegings/-style te verwys. Gee ten minste EEN voorbeeld van 'n ontwerper en ontwerp uit elke beweging/styl om jou antwoord te motiveer.




(20)

4.2



FIGUUR H: **Geborduurde skerm** deur Dearle, Kuns en Kunsvlyt (Engeland), 1885–1910.



FIGUUR I: **Herbert Bayer-Kaleidoskerm** deur Aluminium Company, Bauhaus (Amerika), 1957.

Skryf 'n opstel van ten minste 200–250 woorde (een bladsy) waarin jy die kenmerke van die Kuns-en-Kunsvlytbeweging met die kenmerke van die Bauhaus-skool vergelyk, soos in die twee werke hierbo weergegee.

Verwys na die volgende terme/konsepte in jou opstel:

- Doelwitte
- Materiaal
- Tegnologie/Prosesse
- Versiering
- 'Vorm-volg-op-funksie' (5 x 2) (10)

**TOTAAL AFDELING B: 30**

**AFDELING C: ONTWERP IN 'N SOSIOKULTURELE/OMGEWINGS- EN VOLHOUBARE KONTEKS**

**VRAAG 5**

**Beantwoord ÓF VRAAG 5.1 ÓF VRAAG 5.2.**

5.1



FIGUUR J: **Die Kenguru-motor** deur Kenguru Inc (VSA), 2015.

5.1.1 Die motor in FIGUUR J hierbo is 'n goeie voorbeeld van sosiaal verantwoordelike ontwerp. Definieer die term *sosiaal verantwoordelike ontwerp* en verduidelik hoe dit op die ontwerp hierbo van toepassing is. (4)

5.1.2 Identifiseer 'n ander produk wat aangepas kan word om die lewens van gestremdes te verbeter. Beskryf jou aangepaste produk en die voordele daarvan. (2)

5.1.3 Skryf 'n opstel van ten minste 300–350 woorde (een en 'n half bladsye) waarin jy die werk van EEN Suid-Afrikaanse kontemporêre ontwerper/ontwerpgroep **EN** EEN internasionale kontemporêre ontwerper/ontwerpgroep, wat sosiokulturele kwessies in hulle werk aanpak, noem en bespreek. Jou opstel moet die volgende insluit:

- Die name van die ontwerpers/ontwerpgroepe
- Materiaal en tegnieke
- 'n Verduideliking van die doelwitte van die ontwerpers/ ontwerpgroepe en hoe hierdie werke een of meer sosiale kwessie(s) aanpak

Jy mag NIE na enige ontwerper(s)/ontwerpgroep(e) wat jy voorheen bespreek het of ontwerpvoorbeelde wat in hierdie vraestel verskyn, verwys NIE. (14)

**[20]**

**OF**

5.2



FIGUUR K: **Stoel** deur Cheick Diallo (Mali), 2014.

5.2.1 Bespreek die sosiale en ekonomiese toepaslikheid van die gebruik van tradisionele handwerktegnieke en -materiaal by kontemporêre produkte deur na die stoel in FIGUUR K te verwys. (4)

5.2.2 Bespreek enige EEN tradisionele kunshandwerk ('craft') wat jy hierdie jaar bestudeer het.

Verwys na die volgende in jou bespreking:

- Materiaal, metodes en prosesse
- Moontlike funksies van die kunshandwerk
- 'n Beskrywing van EEN voorbeeld, asook die naam van die handwerkkunstenaar of inheemse kultuurgemeenskap wat dit gemaak het (8)

5.2.3 Skryf 'n opstel van ongeveer 200–250 woorde (een bladsy) oor enige EEN Suid-Afrikaanse of Afrika- kontemporêre ontwerper/ ontwerpgroep wie se werk die invloed van tradisionele tegnieke en/of materiaal weerspieël.

Oorweeg die volgende in jou bespreking:

- Noem die ontwerper/ontwerpgroep en die ontwerpproduk(te)
- Doelwitte en invloede
- 'n Kort analise van EEN werk en 'n verduideliking van hoe tradisionele materiaal en tegnieke in hierdie ontwerp gebruik word

Jy mag NIE na enige ontwerper/ontwerpgroep wat jy voorheen bespreek het of ontwerpvoorbeelde wat in hierdie vraestel verskyn, verwys NIE. (8)

**[20]**

**VRAAG 6**

6.1



FIGUUR L: ***Rubber, Recycle, Relove (Rubber, Herwin, Herbemin)***
deur Roché Van Den Berg (Suid-Afrika), 2011.

6.1.1 Definieer die term *koolstofspoor*. (2)

6.1.2 Bespreek hoekom die ontwerp in FIGUUR L hierbo as volhoubare ontwerp geklassifiseer word. Verwys na die materiaal wat in die ontwerp gebruik is om jou antwoord te motiveer. (4)

6.2 Skryf 'n opstel van ten minste 350–400 woorde (een en 'n half bladsye) waarin jy die werk van EEN Suid-Afrikaanse kontemporêre ontwerper/ontwerpagentskap/-ateljee en EEN internasionale kontemporêre ontwerper/ontwerpagentskap/-ateljee bespreek wie se werk die omgewing en lewensgehalte van verbruikers verbeter.

Verwys na die volgende in jou bespreking:

- Naam van die ontwerper/ontwerpagentskap/-ateljee
- Die titel en 'n kort beskrywing van die produk
- Die wyse waarop die ontwerper/ontwerpagentskap/-ateljee omgewings- en/of volhoubare kwessies hanteer. Verwys na die materiaal wat in die ontwerp gebruik is om jou antwoord te motiveer.

Jy mag NIE na enige ontwerper/ontwerpgroep/-ateljee wat jy voorheen bespreek het of ontwerpvoorbeelde wat in hierdie vraestel verskyn, verwys NIE. (14)

**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou